Saaknommer: **2006/2012**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
Vrystaatse Provinsiale Afdeling

Te BLOEMFONTEIN, op die **15 de** dag van **MEI 2006**

Voor Sy Edele Regter **G A HATTINGH**

In die saak tussen:

Micro Finance Regulatory Council **Applikant**

En

Dauw Labuschagne **1 ste Respondent**
Schreuder Lenings Bk **2 de Respondent**

Na oorweging van die Kennisgewing van Mosie en die ander dokumente wat ingedien is en na aanhoor van die Advokaat vir Applikant

WORD DIT GELAS DAT:

1. Die aansoek as 'n dringende aansoek aangehoor word en dat afgesien word van die reëls met betrekking tot die vorm en tydperk van betekening.

2. Die respondente opgeroep word om redes, indien enige, aan te voer voor bogenoemde Agbare Hof op die 8 ste dag van Junie 2006 om 09h30 of so spoedig daarna as wat die advokate aangehoor kan word waarom die volgende bevel nie bekragtig sal word nie :

   2.1 wat eerste respondent beveel om alle gelde ontvang ten gunste van tweede respondent vanaf of De Beers Consolidated Mines of ABSA Bank of Eerste Nasionale Bank Koffiefontein, in terme van hofbevele van die Landdros, Koffiefontein verleen teen werknemers, alternatiewelik voormalige werknemers van De Beers en wie se name vervat is in aanhangsel "A" hiertoe aan applikant se prokureurs, mnre Honey Prokureurs oor te betaal in trust waar dit rentedraend belê sal word hangende finalisering van applikant se ondersoek, alternatiewelik die skikking van die dispute tussen die partye alternatiewelik finalisering van aansoeke om tersydestelling van die hofbevele verleen deur die Landdros Koffiefontein by verstek, alternetiewelik wat eerste respondent verbied om die gelde voormeld in sy trustrekening ontvang aan enige iemand behalwe die applikante se voormelde prokureurs uit te betaal hangende finalsering van die aangeleenthede voormeld.
   2.2 wat die respondente verbied om ooreenkomste met die werknemers of voormalige werknemers of persone namens die werknemers te sluit ter skikking van die geskille tussen hulle.
   2.3 wat die respondente beveel om afskrifte van alle skikkingsooreenkomste tot datum hiervan gesluit met werknemers,

alternatiewelik voormalige werknemers van De Beers aan applikant te oorhandig.

2.4 wat die respondente beveel om 'n volledige uiteensetting aan die applikant te verskag van alle bedrae uitbetaal in terme van die voormelde skikkingsooreenkomste aan werknemers, alternatiewelik voormalige werknemers van De Beers Consolidated.

2.5 wat die respondente beveel om 'n volledige uiteensetting aan die applikant te verskaf van alle bedrae uitbetaal in terme van die voormelde skikkingsooreenkomste aan tweede respondent en 'n uiteensetting te verskaf van welke bedrae deur eerste respondent aan homself betaal is ten aansien van koste of andersins.

2.6 wat die respondente beveel om 'n presiese uiteensetting van alle bedrae deur De Beers of ABSA Bank of Eerste Nasionale Bank betaal aan die respondenteaan applikant te verskaf insluitende die versoek of versoeke tot betaling deur respondente aan De Beers of ABSA Bank of Eerste Nasionale Bank gerig.

2.7 om gesertifiseerde besonderhede soos bedoel in Artikel 14 van die Woekerwet aan die applikant te verskaf waarin volledig uiteengesit word die presiese samestelling van ieder en elke bedrag wat die respondente beweer aan tweede respondent verskuldig is deur die werknemer, alternatiewelik voormalige werknemer van De Beers.

2.8 om aan die applikant te verskaf 'n volledige uiteensetting van die bedrag wat tweede respondent beweer deur ieder en elk van De Beers se werknemers, alternatiewelik voormalige werknemers aan tweede respondent verskuldig is tesame met afskrifte van alle stawende dokumentasie, insluitende hofstukke.

2.9 wat eerste en tweede respondente beveel om die kostes van hierdie aansoek gesamentlik en afsonderlik te betaal.

2.10 die bevel in sub-paragrawe 2.1 tot 2.8 sal dien as tussentydse interik met finale regswerking hangende die finalisering van hierdie aansoek.

3. Slegs hierdie bevel op die respondente persoonlike beteken moet word.

OP LAS VAN DIE HOF

HOFGRIFFIER

HONEY & VENNOTE